# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (35/13)

*Justin Chadwick (30 Augustus 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "I take the view, and always have, that if you cannot say what you are going to say in 20 minutes you ought to go away and write a book about it" Lord Brabazon***

## NUWE DIREKTEUR-GENERAAL BY DEPARTEMENT LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

Vroeër in Augustus het DAFF die aanstelling van Prof Edith Vries, as die nuwe Direkteur-Generaal van DAFF, vanaf 1 September 2013 aangekondig. Die nuwe DG kom van die Onafhanklike Ontwikkelingstrust waar sy as die Uitvoerende Hoof verantwoordelik vir koöperatiewe strategiese ontwikkeling en stategiese beplanning was. Professor Vries was voorheen 'n senior beampte in die regering by die Departement van Welsyn (nou die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling) en het uitgebreide ondervinding in die publieke sektor en spesialiseer in transformasie en veranderingsbestuur.

Die CGA wens Professor Vries die beste toe in haar nuwe posisie en sien daarna uit om in die toekoms met haar saam te werk.

## KOMMUNIKASIE NA LEDE VAN DIE VRUGTE- EN WYNBEDRYWE

WIETA en SIZA het 'n ooreenkoms met betrekking tot die gesamentlike erkenning van etiese oudits bereik wat sal toelaat dat 'n produsent, pakker of wynkelder 'n enkele oudit kan hê wat deur alle handelaars erken sal word en die moontlikheid van duplisering van oudits sal uitskakel. Produsente, pakkers en wynkelders kan Paul Hardman (ph@cga.co.za) of SIZA – Colleen Chennells – chennell@iafrica.com vir meer inligting kontak.

## INDONESIë

Die impak van die Indonesiese regulasies met betrekking tot die invoer van vrugte is baie duidelik in Jakarta se supermarkte – ingevoerde vrugte is moeilik om te vind en is geweldig duur. In die sitrusafdeling is selfs plaaslike vrugte duur – en die gehalte is nie goed nie. Alhoewel die bedoeling van die regering verstaanbaar is en nie verskil van ander lande se wens om invoer van veilige voedsel vir die verbruiker en omgewing te verseker nie, veroorsaak die manier waarop dit ingestel is, wydverspreide kommer. Weerhouding van die meeste ingevoerde vrugte (behalwe van daardie lande met 'n wedersydse ooreenkoms) van die hawe van Jakarta, is een van die redes vir die stygende pryse. Vervoerkostes alleen dra US$ 2 000 per houer by om die vrugte deur die hawe van Surabaya tot Jakarta te kry, soms voeg dit drie dae by die afleweringskedule. Alhoewel opeenhoping in Jakarta gelys is as die rede vir die reëling, is opeenhopings en vertragings baie erger in Surabaya volgens die plaaslike inwoners.

'n Afvaardiging van Fruit South Africa besoek tans Suidoos-Asië, en die eerste stop was Indonesië. Tuiste van meer as 250 miljoen mense in hierdie land van 17 000 eilande bied 'n aanloklike maar moeilike mark vir Suid-Afrika se vrugte. Suid-Afrika is redelik ver gevorder met die proses van wedersydse erkenning en die DAFF verteenwoordiger op die afvaardiging kon 'n omvattende data-pakket aan die Indonesiese owerhede oorhandig wat as deel van die proses benodig word. 'n Uitnodiging aan die Indonesiese owerhede om Suid-Afrika te besoek, sal volg.

Kennis van Suid-Afrikaanse vrugte is beperk – maar daardie invoerders wat al met ons vrugte gehandel het is eens in hul begeerte om meer in te voer. Hul praat van goeie gehalte vrugte teen aanvaarbare pryse - die enigste hindernis is om die land se wedersydse ooreenkoms op te los. As Suid-Afrika ernstig is om geleenthede in die mark uit te brei, dan is markontwikkeling nodig – dit moet hoofsaaklik Jakarta teiken omdat 70% van ingevoerde vrugte in hierdie stad van 10 miljoenn +.verbruik word.

Weereens is Suid-Afrika goed deur die oorsese diplomate behandel, met Ambassadeur Lehoko wat die afvaardiging oor Indonesiese kultuur, politiek en ekonomie ingelig het, terwyl Politieke Raadslid Phahlane die afvaardiging na vergaderings vergesel het; hy en Willem Geerlings het 'n omvattende program gereël wat dit vir die afvaardiging moontlik gemaak het om met die Indonesiese Departement van Landbou, invoerders en kommersiële verteenwoordigers te vergader.

Daar is geen plaasvervanger vir persoonlike gesprekke nie, en dit is selfs nog meer waar in die Ooste waar verhoudings en vriendskap 'n ver pad gaan in die oplossing van uitdagings.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 35 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak* | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 14.2m | 11.8m | 17.2m | 11.6m | 15.2m | 15m | 18.1m | 13m |
| Sagte Sitrus | 6.8m | 7.1m | 7.6m | 6.9m | 7.3m | 8.2m | 8.1m | 7.6m |
| Suurlemoene | 10.1m | 9.8m | 10.1m | 9.4m | 9.9m | 11.1m | 10.1m | 10.5m |
| Nawels | 20.9m | 24.3m | 25m | 23.8m | 24.9m | 24.9m | 25m | 24.6m |
| Valencias | 23.2m | 25.8m | 29m | 21.3m | 19.8m | 47.7m | 45.9m | 47.2m |
| Totaal | 75.2m | 78.8m | 88.9m | 73m | 77.1m | 106.9m | 107.2m | 102.9m |

- Sluit die "estimated pack data" van Zimbabwe en Swaziland in – 1 miljoen kartonne pomelo's; 2 miljoen kartonne Valencias

**DIE MAATSKAPPYE VAN SUIDER AFRIKA SE SITRUS PRODUSENTE, CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC EN CITRUS ACADEMY VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE BEDRYF**